15 Mei 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 10

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Getuienis
Advertensies en kennisgewings
Agterblad

Voorblad

...tot met die wederkoms

Die president van die ANC, mnr Jacob Zuma, het onlangs weer beweer dat die ANC sal regeer tot met Jesus se wederkoms aangesien dié party volgens hom goddelike sanksie geniet. Sulke uitlatings is ontstellend. Dat aardse regeerders wel hul gesag van God ontvang en dat God selfs heidense regeerders as instrumente kan gebruik, is wel Bybelse beginsels en word ook in ons belydenisskrifte verwoord. In Daniël 2: 21 lees ons egter ook: *Hy (God) wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel...*

Dat aardse koninkryke kom en gaan, is dus net so 'n belangrike Bybelse beginsel. Daarvan getuig die wêreld en ook Suid-Afrika se geskiedenis. Geen menslike mag duur vir ewig nie. Daarin is ons hoop juis gevestig. Ook geen misbruik van mag en verdrukking van mense sal dus altyd aanhou nie. God bring altyd weer uitkoms vir die magteloses. Net God se mag duur vir ewig. Jesus het ons verseker: *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.*
Ons troos is dat ons reeds deel het aan hierdie bedeling van Christus se heerskappy. Dit is nie iets wat eers eendag in die toekoms gaan aanbreek nie. Dit is nou reeds 'n werklikheid vir hulle wat in Hom glo.

Aardse regeerders moet dus gewaarsku wees. Een of ander tyd kom daar 'n einde aan hulle mag. Hy wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Dr Gerhard Lindeque

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPENUUS

► **Beroepe ontvang**
Ds DS (Dawie) Jacobs van Kampersrus na Swartruggens

Ds P (Petrus) Harmzen, deeltydse predikant van Hartbeesfontein, na Gerdau, ook deeltyds

Ds EB (Ernest) Marran van Waterval Boven na Sannieshof

► **Beroep aanvaar**
Ds Deirdre van der Merwe-Botha van Randfontein Midpark (deeltyds) het ’n benoeming aanvaar na Gemeente Brackenhurst.

NUUS OOR PREDIKANTE

►**Ds Annerie Conradie** en vier gemeentelede van Culembeeck besoek van15 tot 19 Mei die lidmate in Zimbabwe in die Harare-omgewing. Ds Annerie is die eerste vroulike predikant wat so ’n besoek aflê en waarskynlik ook die eerste vroulike predikant wat in Harare en moontlik ook in Zimbabwe preek. Ten spyte van onrustige omstandighede in die land deins die predikante nie terug vir die taak om lidmate te besoek en kosvoorrade saam te neem nie.

Terug na Voorblad

► **Prof Schalk Botha** het op 13 Mei 'n hartomleidingsoperasie ondergaan. Die Kerk se voorbidding word vir hom en sy familie gevra.

► Dit gaan onder omstandighede goed met **ds Marius Venter** na sy onlangse ernstige rugoperasie.

► **Prof Bieks Beukes** se swaer is verlede Sondag tragies oorlede nadat hy verstik het. Prof Beukes is tans in die Republiek en sal na die begrafnis vir die laaste keer terugkeer na Gemeente Nkana en daar bly totdat ds Piet Rautenbach op 1 Junie deur hom in die standplaas bevestig is. Die gemeente beleef van tyd tot tyd terugslae wanneer die produksie van myne afneem. Die gemeente het pas weer sy skriba so verloor.

► **Dr Hennie van Deventer** het die afgelope week 'n ernstige hartoperasie ondergaan.

► So ver vasgestel kon word, vind 'n geskiedkundige geleentheid op 1 Junie 2008 om 11:00 by Gemeente Witpoortjie plaas. **Di Louis Adriaan Nel (vader) en Andries Matthys Nel (oudste seun) vier onderskeidelik hulle 50ste en 25ste ampsjubileum.** Dit is die eerste keer in die bestaan van die NHK van Afrika dat beide pa en seun in dieselfde jaar hulle ampsjubileum vier. Groot dank heers in die familie teenoor die Hemelse Vader vir sy genade, barmhartigheid en liefde. Prof Theuns Dreyer en dr Fanie Pretorius sal by die geleentheid namens die Algemene Kommissie teenwoordig wees.

BEDIENINGSNUUS

■ **Die kombinasie Outjo/Otjiwarongo** het nie lank na die vertrek van ds Barrie Oberholzer na Messina vakant gebly nie. Die eerste predikant wat beroep is, ds Hans Britz, het besluit om die beroep te aanvaar. Hy sal van sy standplaas by Kriel losgemaak word sodra sy werkpermit vir Namibië in orde is. Al die standplase is tans gevul. Die standplaas na die suide van die land is tans opgehef en die predikante van Namibië help met die bediening daar. Di Barnie en Milankie van der Walt wat in Windhoek bly, help met die bediening.

■ **Brief uit Zimbabwe**

Die volgende dankbriefie, een van honderde, is die afgelope week ontvang van Boet en Alida Bekker, bejaarde lidmate van die gemeente in Harare.

Ons gemeente is so geseënd met die liefde wat ons gereeld so ontvang van die Suid-gemeentes. Belinda, Hendrina en ek is elke keer verstom oor die wonderlike kospakke wat hier aankom en geniet dit om die bokse te pak en uit te deel. Ek sê net weer dankie. Wens ek kon vir elkeen wat bydra 'n soentjie, drukkie en dankie gee. Ek is so bang ons los iemand uit. Ons kry so baie, dit is moeilik om by te bly met dié wat ons moet bedank. Amper vergeet ek nog 'n dankie: nou kry ons medisyne ook, veral die bloeddrukpille. Alles is so 'n tekort hier en kos meer as wat ons verdien.

Getuienis

'N GETUIENIS AAN DIE OWERHEID

Die onderstaande getuienis is aan die owerheid uitgereik namens

* Die Nederduitse Gereformeerde Kerk
* Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
* Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Terug na Voorblad

Die Kerk glo dat owerhede die verantwoordelikheid het om so te regeer dat die veiligheid en lewenskwaliteit van al die landsburgers beskerm en bevorder word. Ons is dankbaar oor ’n Grondwet wat die regte van landsburgers verskans. As gelowiges wil ons landswette gehoorsaam en is ons gekant teen enige vorm van anargie.

Tans heers daar onder die meeste mense in ons land ’n gees van bekommernis, onsekerheid en vrees. Die volgende tendense dra daartoe by:

* **Misdaad, geweld en korrupsie**. Die golf van misdaad, geweld en korrupsie het ’n punt bereik waar baie mense vertroue in die owerheid verloor het. Nieteenstaande talle vertoë vanuit verskillende sektore van die samelewing dat die owerheid daadwerklik moet ingryp, is daar geen verbetering nie. Onskuldige mense word geteister deur misdaad en geweld. Daagliks sterf inwoners van ons land as gevolg van wreedaardige en sinlose moorde. Verkragting, kindermolestering en grootskaalse korrupsie het deel geword van ons daaglikse bestaan. Die afleiding word gemaak dat daar by die owerheid ’n onvermoë is om wet en orde te handhaaf. Hierdie onhoudbare situasie gee daartoe aanleiding dat mense reg in eie hande begin neem om hulleself te beskerm. Dit is die voorspel tot anargie en onnodige bloedvergieting.

* **Vaardigheidstekorte en infrastruktuur.** Daar bestaan ’n persepsie onder die meeste Suid-Afrikaners dat die land besig is om met rasse skrede agteruit te gaan as gevolg van wanbestuur en ’n vaardigheidstekort. Dit lei tot die ineenstorting van die infrastruktuur op talle terreine soos onder andere die dreigende krisisse in elektrisiteitsvoorsiening, gesondheidsorg, onderwys, padnetwerke en die toename van armoede en MIV/vigs. Onoordeelkundige transformasie en regstellende aksie is deels hiervoor verantwoordelik. ’n Toenemende vlaag van emigrasie lei tot ’n verdere verlies van noodsaaklike kundigheid.

* **Rassisme**. In plaas van noodsaaklike versoening, eskaleer rassisme (wit op swart en swart op wit). Stereotipering en die neiging om alles wat verkeerd loop aan rassisme toe te dig, verhoog die spanning en lei tot konflik. Die miskenning van taalregte en moedertaalonderrig van minderheidsgroepe, asook onverantwoordelike regstellende aksies, versterk die gevoel van magteloosheid.

* **Landbou en voedselvoorsiening.** Die geweldige styging van insetkoste in die landbousektor, byvoorbeeld kunsmis- en brandstofpryse, maak finansiële oorlewing vir produsente in veral die graanbedryf onmoontlik. Dit, tesame met die toename van wreedaardige plaasmoorde, onsekerheid rakende eiendomsreg en traagheid van die owerheid om hulle te ondersteun en te beskerm, het tot gevolg dat talle boere die bedryf verlaat. Dit kan lei tot ’n voedseltekort, rampspoed en hongersnood soos wat Suid-Afrika en die res van Afrika nog nie gesien het nie.

* **Zimbabwe-krisis.** Die huiwering van die owerheid en die Staatspresident om sterk en duidelik standpunt in te neem teenoor die immorele en ondemokratiese optrede van die regerende party in Zimbabwe en meegaande skending van menseregte, versterk die persepsie dat dit ook mettertyd sal oorspoel na Suid-Afrika.

Oproep aan die Staatspresident en regering

Namens miljoene Christene in Suid-Afrika (75% van die bevolking) wil ons u versoek om drastiese stappe te neem om kragtens die Grondwet wet en orde te herstel. Ons verseker u van ons voorbidding vir u as owerheid. Hoor die noodkreet van die grootste deel van die bevolking van Suid-Afrika voordat dit te laat is!

Terug na Voorblad

Aan alle medegelowiges en burgers van Suid-Afrika

Talle mense is getraumatiseer en ly. Baie mense leef in armoede, vrees en onsekerheid. Pessimisme heers onder 'n groot deel van ons bevolking. Ons doen 'n beroep op alle mense in Suid-Afrika om saam te werk om die euwels in ons samelewing te beveg. Ons wil lidmate van ons onderskeie kerke en alle medegelowiges aanspoor om, juis in moeilike omstandighede, soveel te meer sterk te wees in ons geloof, en ons vertroue in God te plaas.

In die eerste en laaste instansie is ons lewe en toekoms in sy hand. As gelowiges moet ons onder alle omstandighede in verantwoordelikheid voor God leef. Handhaaf die waardes en deugde wat die Woord van God ons leer. Bemoedig, vertroos en ondersteun mekaar. Bid vir en help diegene wat swaarkry. Bid dat God aan hulle wat oor ons regeer, wysheid sal gee. Mag God dit so beskik dat ons in hierdie pragtige land in vryheid en vrede mag leef!

U word vriendelik versoek om dié getuienis in u gemeente bekend te stel.

Advertensies en kennisgewings

- **Op soek na die grondwet van die Ned Hervormde Kerk?**

Kerkrade word dikwels versoek om die 'grondwet' of 'Konstitusie' van die Kerk in te handig. Die Kommissie van die AKV het so 'n 'Grondwet' daargestel, alhoewel hy van oordeel is dat die Kerkorde in alle opsigte geld. Die 'Grondwet' is basies 'n kort samevatting van die Kerkorde. Dit is ook in Engels beskikbaar. Kontak die kantoor van dr Fanie Pretorius hieroor, by 012 322 8885.

HARTBEESPOORT. Die basaar van die jaar met die tema **BOSVELDBASAAR**, wat weer eens deur die Hervormde Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort aangebied word, sal groot aftrek kry en die organiseerders beloof dat dit vanjaar werklik die grootste en beste basaar sal wees wat nog ooit ten suide van die Magaliesberge aangebied gaan word.

Kom na 'n egte BOSVELD-belewenis. Die basaar word gehou by die eerste kerk op die hoek van Marais- en Scottstraat te Schoemansville, Hartbeespoort. Kom na die Bosveldbasaar van die jaar. Onthou, die pret begin om 09:00. Moenie hierdie basaar misloop nie!

Vir verdere inligting skakel Henri Verrips 012 420 2945 of die kerkkantoor 012 253 146 (tussen 08:00 en 12:00 elke dag).

Terug na Voorblad

● FONDSINSAMELING: 'N GELEENTHEID VIR 11 GEMEENTES!

PRYSE OP DIE SPEL: 2 gelykstaande pryse ter waarde van meer as R75 000!
Dit is: Twee jagpakkette wat elkeen bestaan uit: 1 gemsbok (trofee gewaarborg), 1 hartbees (trofee gewaarborg) en een koedoe. Verder word daar verblyf (etes ingesluit) verskaf vir elkeen van die wenners van die pakket en nog drie addisionele persone, vir 'n volle week in 'n luukse jagkamp in Namibië wat spesialiseer in oorsese jagters.
KOSTE VAN KAARTJIES: R100

HOE KAN GEMEENTES IN DIE WINS DEEL?
Gemeentes wat wil inkoop by die geleentheid kan dit doen teen 'n bedrag van R6 000. Vir dié bedrag sal ons aan hulle 300 kaartjies gee om in hulle gemeente te verkoop. (As die kaartjies verkoop is, kan hulle vir nog kaartjies vra.) Verder sal daardie gemeente een persoon kan trek om deel te neem aan die finale trekking. Daar sal nie meer as 12 gemeentes wees wat deelneem nie, dus het die gemeentewenner 'n een uit 12 kans om een van die 2 wenners te wees.

'n Gemeente moet dus net 60 kaartjies verkoop voordat hulle begin om wins te maak. Alle geld wat ge-in word deur die verkoop van kaartjies is vir die kas van daardie spesifieke gemeente. Gemeentes wat hierin inkoop, het dus 'n geleentheid tot 'n kompetisie met 'n baie groot prys terwyl hulle byna geen risiko hoef te dra nie.

TREKKING
Die name van die gemeentewenners moet op die laatste op 13 Junie by Rustenburg-Suid wees, aangesien die finale trekking op 15 Junie sal plaasvind. Die onderskeie gemeentewenners hoef nie noodwendig teenwoordig te wees met die finale trekking nie, maar is uiteraard welkom. Die jagpakket kan tydens die Julie-vakansie geneem word.

Kontak ds Hannes van der Merwe of die sekretariële beampte van Gemeente Rustenburg-Suid vir meer inligting.

TELEFOON: 014 592 6900 / 014 592 4785 E-POS: nhrbsuid@mweb.co.za
FAKS: 014 592 6900

● BYBELS-CHRISTELIKE KUNSUITSTALLING 30 MEI – 1 JUNIE 2008

GEMEENTE RUSTENBURG-SUID

***"...om jou ver-beeld-ing te gebruik, is om beeld van God te wees"* – Nelus Niemandt**

Die mens as beelddraer van God moet ook iets van God se kreatiwiteit uitleef. Kreatiwiteit getuig dat God aan die werk is. Vandag werk kommunikasie al hoe meer met beelde. Ou waarhede kan met andersoortige, kreatiewe beelde nuwe betekenis in die lewe van mense bring. Die Bybels-Christelike kunsuitstalling van Gemeente Rustenburg-Suid is 'n poging om op 'n ander manier God se Woord te kommunikeer en mense die geleentheid te gun om hulself as beeld van God op nuwe maniere uit te leef.

U word hartlik uitgenooi om die kunsuitstalling by te woon in die kerksaal te Kockstraat 153, Rustenburg. Die opening sal plaasvind op Vrydag 30 Mei om 19:30 waar u saam met ons kunswerke kan besigtig en 'n ietse te ete of drinke kan geniet. Saterdag 31 Mei sal die saal ook oop wees vir besigtiging tussen 10:00 en 13:00 asook Sondag 1 Junie tussen 11:00 en 12:00.

Enigiemand is welkom om self 'n kunswerk in te skryf vir die uitstalling. Inskrywingsgeld beloop R10 per item en u kan soveel kunswerke bring as u wil. Die tema moet egter Bybels-Christelik wees. Beeldhouwerke, sketse en skilderye is welkom. Indien moontlik, moet werke vooraf geraam word en moet kunstenaars hul eie netjiese esel saambring. Skryf asseblief vir ons 'n kort uiteensetting van die simboliek van u werk of 'n Bybelvers op die inskrywingsvorm sodat dit vir elkeen by die uitstalling betekenis kan dra.

Terug na Voorblad

Daar gaan nie kunswerke op die uitstalling self verkoop word nie, maar u naam en telefoonnommer sal by u kunswerk aangebring word sodat belangstellendes u kan kontak in verband met pryse, ensovoorts. Alle inskrywingsvorms MOET voor Maandag 26 Mei per hand of per e-pos (nhrbsuid@mweb.co.za) die gemeente bereik en kunswerke MOET Donderdag 29 Mei voor 18:00 by die kerksaal afgelaai word.

to care foundation

- **Projekbestuurder**

Die *to care foundation* is 'n gemeenskapsontwikkelingsmaatskappy wat die gemeenskapswerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk bemark en befonds.
Aansoeke word ingewag vir die pos van Projekbestuurder by die *to care foundation*. Die suksesvolle kandidaat sal projekte in agtergeblewe gemeenskappe bestuur.

- **Administratiewe pos**

Aansoeke word ook ingewag vir bogenoemde pos by die *to care foundation* te Pretoria.

Belangstellendes kan aansoek doen deur 'n volledige CV by mev Elsie Brits in te handig voor of op 16 Mei 2008.
Faks 086 630 5147
elsie@nhk.co.za of jlj@oribi.co.za
Posbus 2368, Pretoria 0001
Tel 012 322 8885

INSTITUUT VIR KERKMUSIEK IN SUID-AFRIKA (IKSA)
DIPLOMA IN HIMNOLOGIE

DIPLOMA IN HIMNOLOGIE – GEWYSIGDE DATUM!

SATERDAG 24 MEI 2008 = Die eerste ontmoetingsgeleentheid vir die kursus in Himnologie. Dit duur van 08:00 tot 14:00.

Navrae en inskrywings: Dr Elsabé Kloppers iksa@absamail.co.za of kerkmusiek@nhk.co.za
Tel 012-996 0431 en 012-322 8885X229 (Maandae)

- **GRYSDUIKERRAND KAMPTERREIN**

- Netjiese selfsorggeriewe beskikbaar vir jeugkampe, Bybelstudiegroepe, leierskampe, familiesaamtrekke, ensovoorts.
- Kan tussen 10 en 60 persone akkommodeer
- Skoon ablusie, slaapeenhede en lesinglokaal
- Staproete, swembad en ander ontspanning
- Geleë te Koster, ongeveer 'n uur en 'n half se ry van Pretoria en die Wes-Rand.
- Pragtige natuurskoon

Vir inligting skakel 082 458 3078/ 083 628 0612

Terug na Voorblad

- **Markdag by Gemeente Alberton**

'n 'Markdag' word vir Saterdag 31 Mei beplan. Die verrigtinge begin reeds om 07:00 met 'n egte boere-ontbyt waar pap, boerewors, varkkaiings, hoenderlewertjies, eiers volgens jou smaak, gebraaide uie en tamaties en tuisgebakte brood met egte botter en konfyt bedien sal word. Deur die dag sal van alles en nog wat te koop wees: pannekoek, jafels, kerrie en rys, nagereg, lekkers en nog baie ander eetgoed wat die smaakkliere sal kielie. Daar sal selfs 'n biertuin wees. Verder is daar verskillende speletjies om jou vaardigheid te toets en tussendeur stal die SAPD, Metropolisie, brandweer, veiligheidsdienste, sekuriteitsmaatskappye en Eskom (mits ons krag het) uit. Vir die kinders is daar die geleentheid om interaktief deel van die uitstallings te wees. Ondersteun asseblief hierdie projek van Gemeente Alberton by die kerkterrein, Tweede Laan 82, Florentia, Alberton. Vir navrae en bestellings kan u Pieter Schreiber (082 332 4252), Winnie Mulder (083 212 4693) of Tienie le Roux (083 590 2261) bel. U kan ook meer hoor by ds Pieter Viljoen (082 927 5035).

- **Die volgende Ringsvergaderings vind in die komende week plaas:**
  - 19 Mei die Ring van Krokodilrivier by Ruskoppies.
  - 18 en 19 Mei die Ring van Rustenburg by Rustenburg-Tuine

- **Die volgende sinodale vergaderings vind in die komende week plaas:**
  - Die **Raad van Finansies** vergader op Vrydag 16 Mei om 09:00. Dit is sy kwartaalvergadering.
  - Die **Kuratorium** vergader op Dinsdag 20 Mei om 14:00 in die Raadsaal, Dirk van der Hoffgebou.
  - Die **Moderamen** vergader op 22 Mei om 09:00 onder leiding van die visevoorsitter, dr Daan van Wyk(jr), in die afwesigheid van prof TFJ Dreyer, wat in die buiteland is.

Terug na Voorblad



Agterblad

VERSENDING VAN DIE *e-Hervormer*

Noudat die probleem met *Die Hervormer* se webwerf uitgesorteer is, gaan ons weer voort om weekliks slegs die drukkersvriendelike weergawe aan lesers te stuur. Lesers wat ingeteken het op die volledige weergawe sal dit steeds getrou ontvang. **Die redaksie vra verskoning vir die ongerief met die laaste twee uitgawes waartydens dit nodig was om albei weergawes aan almal te stuur. Ons het begrip vir lesers vir wie beide weergawes te groot was om af te laai. Hierdie maatreël was slegs 'n tydelike oplossing en sal voortaan nie weer nodig wees nie.**

Die redaksie sal enige terugvoer van lesers oor die *e-Hervormer* waardeer. Laat ons gerus weet van probleme, frustrasies, voorstelle en ander kommentaar wat ons kan help om hierdie publikasie optimaal uit te bou. Stuur dit asseblief na epos@hervormer.co.za

Lesers kan steeds inteken op die volledige weergawe deur 'n e-pos te stuur aan epos@hervormer.co.za met die opskrif '*volledige weergawe*'.

Terug na Voorblad